LUX MUNDI

#NUWEASEM²

#RESET

#volgJesus

6 JUNIE

09:00 Johan Taute
Tema: Oorwin die Kwaad deur die Goeie.
Teks: Romeine 8:5-9 & Romeine 12:21

09:00 Oostvallei: Jan Cloete

DISSIPELLAND (KLEUTERS - GR 6)

09:00 Kleuters
Gr 1 - 3 in die Jeugsentrum
Gr 4 - 6 in die Tent

GRAFFITI

17:00 Crew-groepe
18:00 Aanddiens
19:00 Community

WANDEL IN DIE WOORD

[9]Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie.
[21]Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

Romeine 8:9 & 12:21

BEJAARDE WAT VERJAAR

Koos Theron (6/6) 93 jaar

BAIE GELUK!

NUWE LIDMATE

Johann van Schalkwyk - Wierdapark Suid

Maureen van Schalkwyk - Magalieskruin

Louw Zuurmond - Parow-Panorama

Annette Zuurmond - Montana

BAIE WELKOM!

DOOPAANSOEKE

Ons volgende doopgeleentheid vind plaas op
4 Julie 2021.
Meld asseblief aan teen **15 Junie 2021.**
Doopgesprek sal plaasvind op **20 & 27 Junie, 16:30** by **Pharos** (777 Jacqueline Rylaan).
Vorms op die webwerf beskikbaar of kontak Ilse by groei@luxmundi.org.za vir meer inligting.

DIENSGELEENTHEDE

Wil jy graag betrokke raak? Ons benodig hulp met:

- **Tel van die offergawes**
- **Tee– en koffieskink op Sondae by die oggend-erediens.**
- **"Easy Worship" hulp (woorde en skyfies projekteer).**
- **Klankpersone.**

Indien jy wil help, kontak asseblief die kerkkantoor.

BEROEP AS DIENSLERAAR: RAYLINE COETZEE

Rayline is verlede jaar gelegitimeer as beroepbare Diensleraar van die NG Kerk. Sy is deur Lux Mundi eenparig beroep op 31 Mei 2021 as Diensleraar vir haar huidige pos as Kinderwerker. Haar vergoeding en kontrak as Kinderwerker bly onveranderd. 'n Diensleraar word volgens die Kerkorde (Reglement 19) beroep om diens te lewer met 'n spesifieke opdrag in 'n Spesialisasieveld. Rayline is beroep vir "Jeug- en Familiebediening".

Lidmate kry geleentheid om hierdie besluit goed te keur binne 'n periode van 2 weke. Enige skriftelike besware kan gerig word aan die Voorsitter van die Gemeenteraad (Andre Bezuidenhout - bezhoutaj@mweb.co.za) of aan Johan Taute (jtaute@luxmundi.org.za).

AMPSDRAER

Die volgende persoon is verkies as ampsdraer van Lux Mundi Gemeente. Vir dié doel gee ons die naam aan die gemeente deur vir goedkeuring:

Jeandré Slabbert - Gemeenteraad Ouderling

Indien daar enige besware teen hierdie persoon se leer of lewe is, skakel Johan Taute (083 608 4111) voor 15 Junie.

JOB SEEKERS FORUM

Is jy "tussen werke"? Hierdie forum help jou onder andere:

- Om voor te berei vir 'n werksonderhoud
- Met die opstel van 'n resumé
- Met die bemarking van jou vermoëns en vaardighede

Donderdae by Pharos, 09:00–11:00.

Skakel Marlene by 012-9935906/8 vir verdere navrae.

SNAPSCAN

Snap here to pay — SnapScan — Algemeen

Snap here to pay — SnapScan — Dankoffer

Snap here to pay — SnapScan — Pharos

DANKOFFERS

Dankie vir jou getroue gee van jou dankoffer in hierdie tyd.

Gebruik die verwysing: Dankoffer.

Bankbesonderhede:
Lux Mundi Gemeente,
ABSA Reknr: 2310 590 544,
Menlynpark Takkode: 335 645

KONTAK ONS

Kerkkantoor: 012 998 8801
Ma-Vr: 08:00 - 14:00

Vir volledige kontakbesonderhede, sien asseblief die jaarprogram.

Lux Mundi Gemeente Official
luxmundigemeente
www.luxmundi.org.za